**LAMBERTSBAAI INWONERS BELANGE FORUM**

Posbus 245
Lambertsbaai
8130

e-pos: lbaai.ibf@gmail.com
webwerf: www.lambertsbaai.yolasite.com
Facebook: www.facebook.com/lbaai.ibf

Datum: 21 Oktober 2011

Die Burgermeester, per e-pos
Cederbergraad
Privaatsak X2
Clanwilliam
8135

Agbare Raadsheer,

**PROBLEME WAAROP DIE LIBF GRAAG ANTWOORDE SOEK**

Die Lambertsbaai Inwoners Belange Forum tree op in die belang van al die inwoners van Lambertsbaai. Ons is deur die gemeenskap vir die gemeenskap gekies en aangestel en verteenwoordig geen politieke party nie. Ons doel is onder andere om 'n wakende oog te hou oor die aanwending van die gelde wat die inwoners aan die munisipaliteit betaal. Ons is bewus dat u nie verantwoordelikheid kan neem vir die huidige begroting nie. Dit is dan nou juis 'n paslike geleentheid om probleme met die begroting reg te stel. Ons wil ons samewerking aanbied om die inwoners se belange onder u aandag te bring en met u te bespreek en so u by te staan om die Cederberg raad en –munisipaliteit die uitblink munisipaliteit in die Wes-Kaap te maak.

Ons word gedurig bewus gemaak van probleme waar die Cederberg Munisipaliteit 'n rol speel. Ons vertrou dat die raad sy samewerking sal gee om die probleme aan te spreek. Juis omdat ons vertrou dat die raad bewus is van die sake wat ons in hierdie brief aanhangig maak, vertrou ons dat ons teen Maandag oggend 31 Oktober 2011 bevredigende antwoorde op ons brief sal ontvang.

Uiteraard moes ons as die bestuur van die Forum die probleme waarop die inwoners antwoorde verwag sif om sodoende net die belangrikste uit te lig. Hier volg dan diè probleme wat ons as die belangrikste beskou. Let wel dat van die probleme met feitelike besonderhede gestaaf kan word, terwyl ander waarnemings is wat, sou daar substansie in die waarnemings is, erg onrusbarend is  Die LIBF sal, sou die raad nie eenvoudige, duidelike en bevestigbare antwoorde op ons vrae en bekommernisse verskaf nie,

onafhanklike ondersoeke of optrede deur hoër gesag of 'n onpartydige derde party oorweeg en/of aanvra.

1. HEFFINGS

   a. Twee van die bykomende heffings, naamlik die vir basiese riool- en water is volgens verduidelikings wat aan ons verskaf is vir die daarstelling van infrastruktuur. Eiendomsbelasting is tog die bron van fondse vir die daarstelling van infrastruktuur. Eiendomsbelasting is juis een van die haakplekke wat later bespreek word. Voorts word hierdie heffings by die dienste rekening gevoeg wat verkeerd is.

      Probleem

      i. Die bykomende heffings vir basiese riool en basiese water is nie geregverdig nie en behoort afgeskaf te word met terugwerkende aksie van die datum waarop dit ingestel is. Is die raad van plan om die heffings af te skaf met terugwerkende aksie?

      ii. Die bykomende heffings vir basiese riool en basiese water is in wese belasting en nie dienste nie. Waarom word die heffings op diensterekeninge verhaal?

   b. Die bykomende heffing vir dorp skoonmaak kan net nie met die realiteit versoen word nie. Inwoners dra reeds 'n bedrag van R68.12 by tot vullisverwydering wat vanaf R61.31 verhoog is maw 'n persentasie verhoging van 11% in vergeleke met die vorige begrotingsjaar..'n Bykomende bydrae van R22.80 bring die vullisverwydering bydrae op R90.92 te staan wat 'n algehele styging van 48% in vullisverwydering tariewe verteenwoordig. Dit is geheel en al buite verhouding met die algemene riglyne vir prysverhogings.

      Probleem

      i. 'n Verhoging van 11% is alreeds meer as die inflasieverhoging en 'n verhoging van 48% is verregaande. Gaan die Raad die heffing vir dorp skoonmaak afskaf met terugwerkende aksie?

2. <u>EIENDOMSBELASTING</u>

a. <u>Eiendomsbelastingfaktore en Eiendomswaardasies</u>

Die eiendomsbelasting faktor is met 8% verhoog vergeleke met die vorige begrotingsjaar. U tariewe dokument dui 'n jaarlikse verhoging van meer as 8% aan vir elk van die komende 4 jare.

'n Tabel hierby aangeheg dui daarop dat Die Bergrivier Munisipaliteit se eiendomstariewe (faktore) heelwat laer is as die van Cederberg. <u>Is u bereid om Cederberg se tariewe te hersien om vergelykbaar met die van ander munisipaliteite in die Wes-kus Distrik munisipaliteit te wees?</u>

Eiendomme word ook elke vier jaar herwaardeer. Herwaardasies toon in die algemeen 'n stygende neiging. Die huismark die afgelope paar jaar toon egter dat eiendomme se verkoopspryse vele keer laer is as die munisipale waardasies. U raad is op hierdie stadium juis besig met herwaardering van eiendomme.

Bewerings word gemaak dat eienaars met eiendomme in Stellenbosch veel laer eiendomsbelasting betaal as op hul eiendom in Lambertsbaai. Bewerings word ook gemaak dat omdat Lambertsbaai 'n kusdorp is, die eiendomme hoër waardeer word as in die ander dorpe in die Cederberg munisipale gebied,

Met hierdie feite, aannames en syfers inaggenome is projeksies gedoen en sien die prentjie soos in die aangehegte tabel daar uit. Ons heg ook 'n brief aan wat gerig is aan u beampte wat in die eiendomswaardasieafdeling werksaam is. Te verstane kan hy nie summier op so 'n brief antwoord nie, daarom hierdie skrywe aan u. U is wel in die posisie om die verduidelings te verskaf en optrede te neem.

<u>Wat gaan u raad se optrede wees om die onbehoorlike styging in die waarde van belasting wat op eiendomme betaal word binne normale inflasie waardes te hou.</u>

3. FINANSIëLE BESTUUR

   a. Ons het kennis geneem van verskeie aanstellings in die raad en sy administrasie. Ons is bekommerd dat diè aanstellings nie binne die personeel begroting gedoen is nie.

      Kan u vir ons 'n skedule gee van aanstellings wat die afgelope 12 maande gedoen is met 'n aanduiding wat die motivering vir elk van die aanstellings is en ook individueel aandui of die aanstellings binne die begroting gedoen is. Waar daar aanstellings gedoen is wat nie binne die begroting gedoen is nie, sal u asseblief sodanige aanstellings motiveer

   b. Ons is bekommerd oor die wyse waarop die belasting- en dienstegeld wat die raad van ons invorder bestuur. Ons sal graag insae in die begroting-, besteding- en boekhouding prosesse wil verkry.

      Kan u aan ons die kontrole maatreëls verduidelik wat toegepas word om behoorlike besteding van fondse tot die raad se beskikking te verseker.

      Sal u bereid wees om aan ons insae in u begroting-, besteding- en boekhouding prosesse te verleen?

4. BATEBEHEER

   a. Bestaan daar 'n formele batebeheerstelsel binne die raad waarop die bates aangeteken word en waardevermindering afgeskryf word?

   b. Word bates gereeld nagegaan om te verseker dat bates wat op die register verskyn nog bestaan?

5. VOERTUIGBEHEER

   Daar word gereeld waarnemings gemaak van munisipale voertuie wat na werks-ure en oor naweke binne en buite die dorp se grense rondbeweeg. Die volume van sulke waarnemings laat die vraag ontstaan of al daardie voertuie wat so waargeneem word wel op amptelike munisipale diens aangewend is en of die nodige goedkeuring/magtiging bestaan vir die gebruik van die voertuie,

a. Kan u vir ons die proses voorlê wat u raad gebruik om te verseker dat voertuie net ampshalwe aangewend word.

b. Kan u ons verseker dat die gebruik van munisipale voertuie volledig onder beheer is.

In die lig van ons taak soos in die eerste paragraaf beskryf is ons werkswyse om saam met die raad en sy administrasie te werk om probleme te identifiseer en dit saam met die raad op te los. Dit is dan ook in hierdie gees wat ons hierdie brief aan u rig.

Dit is ook nodig om u daarop te wys dat 'n groot deel van die permanente inwoners van Lambertsbaai afgetredenes is wat van hul pensioene en rente op beleggings afhanklik is om te oorleef. Pensioen verhogings is in die orde van 4% per jaar en vele keer laer en rente-inkomste op beleggings daal gereeld met die verlaging van die Reserwebank se repo-koers. Vele van die inwoners is ook deernisgevalle wat op staatsubsidies en maatskaplike pensioene oorleef. Die inwoners kan net nie die geweldige hoë dienstetariewe en eiendomsbelasting bekostig nie. Optrede is nou meer as enige tyd in die verlede nodig om die bekostigbaarheid van dienste en eiendomsbelasting te ondersoek. Gepaardgaande daarmee is dit nodig om die raad en sy administrasie se personeelkorps op die beginsel van, soos die Engelse uitdrukking lui, "lean and mean" te skoei. Met ander woorde die raad en administrasie moet beman word met die minimum personeel wat behoorlik vir hul taak opgelei en gekwalifiseerd is. Kan u vir ons die versekering gee dat u, u raad en administrasie se personeelkorps deur middel van 'n behoorlike werkstudie proses sal laat ondersoek met die doel om die mees doeltreffende en effektiewe organisasie struktuur daar te stel wat met die mees geskikte gekwalifiseerde kandidate gevul is.

Ons as LIBS sal graag as waarnemers by u raadsvergaderings wou insit. Ons sal dit waardeer indien u ons betyds van u vergaderdatums, -tye, en plek sal in kennis stel. Ons sal ook graag notules van u raadsvergaderings ontvang. Ons posadres en e-pos adres gaan in ons briefhoof en die handtekeningblok sodat u enige of beide metodes kan gebruik om met ons te kommunikeer.

Ons sou graag nadat ons u antwoord ontvang het met u in gesprek wou tree. Ons sal nadat ons u antwoord bestudeer het met u in verbinding tree om 'n geskikte datum te bepaal vir so 'n byeenkoms.

Ons vertrou dat ons teen Maandagoggend 31 Oktober 2011 'n bevredigende reaksie op ons vrae sal ontvang soos in die inhoud van hierdie brief vervat en duidelikheidshalwe onderstreep is.

Baie dankie by voorbaat op u goedgunstige samewerking.

Die uwe

**J. J. (Jack) Mellet**
Voorsitter: LIBF
Posbus 245
Lambertsbaai, 8130
e-pos: lbaai.ibf@gmail.com
webwerf: www.lambertsbaai.yolasite.com
Facebook: www.facebook.com/lbaai.ibft

Afskrifte aan:

Die Premier: Provinsiale Regering van die Wes-Kaap – per e-pos

Die Minister van Plaaslike Regering – Provinsiale Regering van die Wes-Kaap – per e-pos

Die Raadslik vir wyk 5, Mnr Danville Smith – e-pos

Die Munisipale Bestuurders:

Lambertsbaai Munisipaliteit – per e-pos
Cederberg Munisipaliteit – per e-pos
Weskus Distrik Munisipaliteit – per e-pos